

Is *regtig* rêrig Duits *richtig*?¹

Is regtig really German richtig?

C. JAC CONRADIE

Departement Afrikaans, Universiteit van Johannesburg

E-pos: jacc@uj.ac.za



Jac Conradie

JAC CONRADIE is in 1975 as lektor in die Departement Afrikaans-Nederlands aan die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, aangestel met Taalgeskiedenis en Sintaksis as vernaamste leeropdragte, en tree in 2009 af as professor in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Johannesburg, die opvolger van RAU, waar hy sedertdien op tydelike grondslag as dosent en navorser werksaam is.

Benewens 'n verskeidenheid artikels oor taalkundige onderwerpe soos modaliteit, die verhouding tussen Afrikaans en Nederlands, reduplikasie en ikoniteit in taal wat in verskillende vaktydskrifte plaaslik en oorsee verskyn het, is hy outeur van 'n handboek *Taalgeskiedenis* (1986), mede-outeur (met W.F. Jonckheere) van 'n teksuitgawe van die Middelnederlandse mirakelspel *Mariken van Nieumeghen* (1992) en mede-outeur (met Werner Abraham) van *Präteritum-schwund und Diskursgrammatik* (2001). Hy is ook hoofredakteur van *Signergy* (2010), 'n bundel opstelle oor ikoniteit in taal en die letterkunde, en oprigter (in 1990) van die *Suider-Afrikaanse Tydskrif vir Middeleeuse en Renaissance studies*.

JAC CONRADIE was appointed as lecturer in the Department of Afrikaans-Nederlands at the Rand Afrikaans University, Johannesburg, in 1975, and assigned Language History and Syntax as principal teaching fields. In 2009 he retired as professor in the Department of Afrikaans at the University of Johannesburg, the successor of RAU, where he has since been working on a temporary basis as lecturer and researcher.

Besides a variety of articles on linguistic subjects such as modality, the relationship between Afrikaans and Dutch, reduplication and iconicity in language which appeared in various local and overseas journals, he is the author of a textbook *Taalgeskiedenis* (1986), co-author (with W.F. Jonckheere) of a text edition of the Middle Dutch miracle play *Mariken van Nieumeghen* (1992) and co-author (with Werner Abraham) of *Präteritum-schwund und Diskursgrammatik* (2001). He is also the principal editor of *Signergy* (2010), a collection of essays on iconicity in language and literature, and founder (in 1990) of the *Southern African Journal of Medieval and Renaissance Studies*.

¹ 'n Verkorte weergawe van hierdie artikel verskyn in die handeling van die 12de kongres van die Internasionale Vereniging vir Germanistiek, Warskou, 2010. Met dank aan die Nasionale Navorsingstigting (NRF) vir geldelike steun en aan Ronél Smit vir hulp met die soektog na en kontrole van Duitse voorbeelde. En, les bes, hartlik geluk aan die Tydskrif met 'n halfeeu se voortreflike diens aan die Afrikaanse taal- en letterkunde.

ABSTRACT

Is regtig really German richtig?

Afrikaans, Dutch and High German (henceforth A, D and G, respectively) have several modal particles in common. In the case of A regtig/rêrig there is a correspondence with G richtig, but not with D, as richtig is virtually absent in D. A rêrig, from the reduplication form reg-reg, nevertheless derives from A reg and ultimately from D recht “right”. The provenance of A regtig, however, is still in need of an explanation.

Regtig/rêrig, a modal particle meaning “true/truly, real(-ly), actual(-ly)”, also functions as a reinforcing or scalar particle or as an interjection. As speakers of German settled at the Cape of Good Hope in large numbers from the 17th century onwards, the possibility is explored that the A form regtig developed under the influence of G richtig, in a process of convergence with its slightly more informal synonym rêrig.

As A reg-reg is morphologically based on reg/recht, the functions of A reg(te) and D recht(e) will be delineated to begin with, followed by a discussion of the origins of the reduplicated form reg-reg and its development towards rêrig, and the relationship between rêrig(e) and regtig(e). Finally, it will be shown that the modal functions of rêrig(e)/regtig(e) are also encountered in G richtig(e-), so that it seems likely that A regtig(e), as far as its form is concerned, arose at the Cape under German influence.

Semantically, a distinction is first of all made between the referential sense of “right” in contrast to “wrong”. In the three syntactic contexts to be distinguished, viz. attributive and predicative adjective and adverb, D employs recht(e), A reg(te) and G richtig(e-). In the modal sense of “true/truly, real(-ly), actual(-ly)” D has obsolete recht(e); D echt(e), which seems to be the general “replacement” of recht(e), is not discussed further. In this sense, A has regte in attributive function, while reg is not encountered predicatively and is obsolete in adverbial function. Besides attributive A regte, the forms regtige and rêrigte have become common, matched predicatively by regtig and rêrig. The latter forms are the forms used par excellence in adverbial function, i.e. as modal particles, and G richtig is often encountered in this function. Though the distinction between the modal and reinforcing uses is not clear-cut, both A regtig/rêrig and G richtig are employed as reinforcers, as well as being employed as negation mitigators (A nie regtig/rêrig, G nicht richtig) and as interjections.

A conspicuous difference between D and A, therefore, is that A regte, unlike D rechte, may occur in attributive function in a modal sense. In the other modal and reinforcing (or mitigating) functions D recht and A reg have no role to play.

The reduplicated form reg-reg is well attested in earlier A. Reduplication as a productive morphological device in A is said to derive from Malay, inter alia. G.S. Nienaber, however, claims that modal reg-reg, as a semantic entity, derives from Khoi – a language which also makes use of reduplication. The Khoi equivalent of A reg-reg “really” is said to form a contrastive pair in Khoi with the equivalent of A glo “allegedly”. Reg-reg was therefore imported into A by Khoi L1 speakers transferring to A.

Regarding the problem of how reg-reg, phonetically [rɛrɛx], changed to rêrig, [rɛrɛx], I would like to hypothesize that the change was mediated by the uvular pronunciation of ɾ, which is common in areas in the vicinity of Cape Town. A pronunciation [RɛɣRɛx] would readily be assimilated to [RɛRɛx], which would be converted to [rɛrɛx] by speakers with an apical ɾ. Given that regtig [rɛxtɛx] was already present as a variant and the tendency of vowel reduction, the schwa in current rêrig [rɛrɛx] is readily explained.

This raises the question of the relationship between regtig and rêrig. While on the one hand rêrig is the result of a reduplicative process, regtig, on the other, could have been formed according

to a familiar pattern for *A*, viz. the productive -ig suffix affixed to an underlying stem *regt-*, as in *regte* (plural and attributive form), *regtens*, etc. Modal *regte* in adverbial function was attested in earlier *A*, and could even have been a “veiled” representation of *regtig*. It is therefore neither possible to conclude that *regtig* was derived from *rêrig*, nor *rêrig* from *regtig*.

The relationship between *regtig(e)/rêrig(e)*, on the one hand, and *reg(te)* on the other, also merits our attention. It seems that *regtig* and *rêrig* are both used as modal particles, function as negative mitigators (*nie regtig/rêrig*) and as interjections. In referential sense these forms are found neither in adjectival, nor in adverbial function. This semantic field belongs to *reg(te)* exclusively. Modal usage and adjectival function may be looked upon as a border area. Predicatively we only encounter *regtig/rêrig*; *reg* is excluded. Attributively *regtige/rêrige* compete with *reg* as slightly less formal or more emotive variants. In conclusion one might say that *regtig/rêrig* typically have a modal and adverbial origin. From there they spread to an adjectival context where they compete with *regte*, while retaining their modal sense.

G richtig(e-) is encountered in both referential and modal functions (including reinforcing and mitigating functions and as interjection) and as adjective as well as adverb. It therefore covers the fields not only of *A regtig(e)/rêrig(e)* but also of *A reg(te)*, *D recht(e)* and *D echt(e)*. Though its modal usages are overshadowed by its referential usage, at least in written texts, it seems likely that its presence in spoken *G* at the Cape during the 17th and 18th centuries facilitated the convergence of a form *regtig(e)* as variant of *rêrig(e)* – *regtig(e)* being similar in meaning to *rêrig(e)* and moreover in keeping with *A* derivation.

KEY CONCEPTS: Afrikaans, convergence, Dutch, German, interjection, Khoi, Malay, modal particle, negative mitigation, reduplication, reinforcement

TREFWOORDE: Afrikaans, Duits, Khoi, konvergensie, Maleis, modale partikel, Nederlands, ontkeningsversagting, reduplikasie, tussenwerpsel, versterking

OPSOMMING

Die Afrikaanse modale partikels *rêrig* en *regtig* in die betekenis “waar(-lik), eg, werklik” is wisselvorme. *Rêrig* is afkomstig van die reduplikasievorm *reg-reg*, met antesedente in Maleis en Khoi. Die oorgang van *reg-reg* na *rêrig* is moontlik bemiddel deur ’n bry-uitspraak van eersgenoemde. Ofskoon die element *reg* afkomstig is van Nederlands *recht*, is ’n vorm soos *rechtig* feitlik onbekend in Nederlands. Hoogduits *richtig*, wat hoofsaaklik ’n bloot referensiële betekenis (“reg, nie verkeerd nie”) het, het egter ook lank reeds die modale betekenis van Afrikaans *regtig*. Bowendien kan sowel Duits *richtig* as Afrikaans *regtig* versterkend/graadaanduidend, as ontkeningsversagter en as tussenwerpsel of uitroep optree. In die lig van die feit dat Duitsers in die vormingsjare van Afrikaans ’n betreklik groot deel van die Europese bevolking aan die Kaap uitgemaak het, lyk dit waarskynlik dat die vorm *rêrig*, met ’n grotendeels nie-Europese herkoms, en *regtig*, gesteun deur Duits *richtig*, gekonvergeer het in wat vandag as één leksikale item beskou kan word, met *rêrig* moontlik enigins informeler as *regtig*.

1. INLEIDING

Afrikaans (voortaan A), Nederlands (voortaan N) en Hoogduits (voortaan D) het talle modale partikels gemeen, byvoorbeeld: *ook/auch*; *bloot/bloß*, *dan/denn*, *dog/doch*, *ewe/even/eben*, *eintlik/eigenlijk/eigentlich*, *eenvoudig/einfach*, *eenmaal/einmal*; *eers/erst/erst*, *nog/noch*, *nou/nu/nun*, *so/zo*, *werklik/werkelijk/wirklich* en *wel/wohl*. Ek gaan my tot een van hulle beperk, wat nie eens

in N voorkom nie, maar waar N tog 'n belangrike rol speel. Dit is naamlik A *regtig/rêrig*, afgelei van 'n reduplikasievorm van N *recht*, A *reg* (met apokopee van [t]): *reg-reg*. *Regtig/rêrig* is 'n modale partikel met die waarde van “waar, eg, werklik” en kan daarnaas – nie altyd duidelik te onderskei nie – ook graadaanduidend of versterkend optree (“beslis”), en ook as tussenwerpsel of uitroep gebruik word:

- (a) modaal: *Ek wil **regtig** nêr gesels*. (Fouché 2009:256)
- (b) versterkend: *Ek moet nou **rêrig** loop*. (Venter 2009:194)
- (c) tussenwerpsel: ***Rêrig**, dis mooi daar* (HK)

Regtig en *rêrig* is ook variante, maar word hier nie verder bespreek nie. Omdat *regtig* so goed as onbekend is in N, wil ek vervolgens die moontlikheid bespreek dat A *reg-reg/rêrig* aan die Kaap onder Duitse invloed tot *regtig* omvorm is. Duitsers het vanaf die laat 17de eeu en veral in die loop van die 18de eeu in groot getalle na die Kaap gekom,² ofskoon daar maar enkele aantoonbare D ontleningen in A is: *jaarhonderd*, *hekel*, *sweis* en enkele ander. Die reduplikasievorm *reg-reg* het nou nagenoeg verdwyn en *regtig(e)* en *rêrig(e)* kan – met 'n klein verskil in formaliteitsgraad – as sinonieme beskou word. Die vraag is nou of daar voldoende ooreenstemming tussen A *regtig* en D *richtig* bestaan om D invloed op A waarskynlik te maak.

Omdat *reg-reg* morfologies gebaseer is op A *reg*, uit N *recht*, word eers gekyk na die funksies van A *reg(te)* en N *recht(e)*. Die ontstaan van die reduplikasievorm *reg-reg* en sy ontwikkeling tot *rêrig* kom daarna aan die orde, gevolg deur 'n bespreking van die verhouding tussen *rêrig* en *regtig*. Ten slotte word getoon dat die modale funksies van *rêrig/regtig* ook in D *richtig* aangetref word, wat dit waarskynlik maak dat *regtig* as *vorm* onder Duitse invloed aan die Kaap tot stand gekom het.

2. AFRIKAANS *REG(TE)* EN NEDERLANDS *RECHT(E)*

Dat N *recht* die leksikale bron is vir A *rêrig* kan nie betwyfel word nie, maar dat A *rêrig* en uiteindelik *regtig* uit N *recht*/A *reg* *alleen* verklaar kan word, is onwaarskynlik. Ek gaan vervolgens in op die vorm- en funksionele verspreiding van *recht(e)/reg(te)*, omdat dié vorms wel in N en vroeë A modale funksies toon wat met dié van *rêrig/regtig* ooreenstem. Die verspreiding van die N en A vorms word in Tabel 1 aangedui.

In hierdie tabel, wat ook die A en D vorme bevat waarna verder verwys word, word 'n globale onderskeid getref tussen (a) 'n referensiële betekenis wat vir N beskryf word as “zoals het normaal beschouwd kan worden” (VD'50) of “zoals het zijn moet” (GK), in teenstelling met “verkeerd”, “fout” en (b) 'n modale waarde “waar, echt”, waardeur die spreker die waarheid van sy uitspraak bevestig. As so 'n bevestiging oorgaan in aandrang sonder meer, is daar sprake van (c) die versterking of 'n hoë graad van dit waarna verwys word. Let daarop dat die grens tussen (b) en (c) nie skerp getrek kan word nie; (d) verwys na die spesiale geval waar die betrokke vorm as 'n kwalifikasie van die ontkenningsspartikel (NEG) beskou kan word en (e) na die vorm se gebruik as tussenwerpsel of uitroep. Die hele reeks waardes van (b) tot (e) dui op 'n subjektiewe ingesteldheid van die spreker ten opsigte van die inhoud van die uiting en is dus almal in 'n mindere of meerdere mate “modaal”.

Soos uit die N voorbeelde 2, 12 en 17 – alle voorbeelde word genommer soos in Tabel 1 – sal

² Volgens De Kadt (2002:148) word bereken dat “at the end of the eighteenth century more than half of the white population of the Cape was of German descent”. Hierdie koloniste is spoedig geassimileer.

blyk, tree N *recht(e)* en A *reg(te)* as adjektief of bywoord óf nie in modale of versterkende funksie op nie, óf is dit verouderd.

TABEL 1: Afrikaans, Nederlands, Duits

	Attributiewe adj.	Predikatiewe adj.	Bywoord
(a) “reg, nie verkeerd nie”	N <i>rechte</i> A regte D <i>richtige</i> ¹	N <i>recht</i> A reg D <i>richtig</i> ⁷	N <i>recht</i> A reg N <i>rechtig</i> ³ D <i>richtig</i> ¹¹
(b) modaal: “waar(-lik), eg, werklik”	N <i>rechte</i> (veroud.) ² A regte ³ A regtige ⁴ / rêrige ⁵ D <i>richtige</i> ⁶	N <i>recht</i> A reg A regtig ⁸ / rêrig ⁹ D <i>richtig</i> ¹⁰	N <i>rechte</i> (veroud.) ¹² A reg (veroud.) ¹³ A regtig ¹⁴ / rêrig ¹⁵ D <i>richtig</i> ¹⁶
(c) graad- aanduidend, versterkend: “erg, heeltemal”			N <i>recht</i> (veroud.) ¹⁷ A reg (veroud.) ¹⁸ A regte (veroud.) ¹⁹ A regtig ²⁰ / rêrig ²¹ D <i>richtig</i> ²²
(d) NEG- bepaling			A nie regtig ²³ / nie rêrig ²⁴ D <i>nicht richtig</i> ²⁵
(e) tussen- werpsel			A regtig ²⁶ / rêrig ²⁷ D <i>richtig</i> ²⁸

In betekenis (a) kom N *rechte*/ A *regte* in attributief adjektiwiese funksie en N *recht*/ A *reg* predikatief en as bywoord voor. Met ’n modale waarde – (b) – is N *recht(e)* verouderd in attributiewe funksie:

2. N een **rechte** gauwdief (VD’50; nie meer in VD’02; GK “vrijwel verouderd”); Mnl. Reinaert is een **recht** mordenere (Verdam 1964)

maar in A is die volgende steeds moontlik:

3. A ’n **regte** dokter (WAT) (evaluerend); ’n **regte** geitjie (WAT) (emotiewe oordeel); Sy is nou voorwaar vir my ’n **regte** Sarie van die Sewentigs (HK)

Predikatief is N *recht* en A *reg* uitgesluit. As bywoord is dié vorms albei verouderd, ofskoon *rechte* nog in Mnl. voorkom:

12. Mnl. het was **rechte** zijn geval: het was bepaald een buitenkansje voor hem (Verdam 1964)
13. A na ontbijt het die mense eers **reg** begin aankom naar die huis (WAT, sitaat uit 1914)

³ Volgens WNT slegs één maal (as bywoord) by Huygens aangetref, in die betekenis “volgens recht, wettig”, dus nie werklik in ooreenstemming met die betekenisonderskeidings wat hier aangeneem word nie.

As versterkende bywoord – (c) – is N *recht* en A *reg* – maar ook *regte* – verouderd:

17. N het is **recht** jammer (VD'50, “verouderd”); **recht** gelukkig (GK)⁴
18. A ik is zoo **reg** bly om jou te zien (WAT, 1861)
19. A 'n **regte** mooi [musiek-]stuk (WAT, 1906); die noins ontvang hom **regte** koel (WAT, sitaat uit 1878)

'n Opmerklike verskil tussen N en A is dat A *regte*, anders as N *rechte*, as attributiewe adjektief modaal kan optree. In die orige modale en versterkende (of versagtende) funksies speel N *recht* en A *reg* nagenoeg geen rol (meer) nie, maar daar moet mee rekening gehou word dat die nou verouderde A *regte*, soos in (19), 'n vroeë weergawe van A *regtige* kan wees.

Vervolgens kyk ons na die ontwikkeling van *rêrig* uit N *recht*/A *reg*.

3. HERKOMS VAN AFRIKAANS *RÊRIG*

Die vorm *reg-reg* is dikwels uit die 19de en selfs 20ste eeu opgeteken:

- (d) *Maar van gister af, is hier nou reg-reg winter.* (familiebrief, 1973)

Die reduplikasievorm is nie vreemd nie; daar word algemeen aangeneem dat A sy veelvuldige gebruik van reduplikasievorme te danke het aan Oosterse tale, soos die Maleis wat deur die slawe aan die Kaap gebruik is (Raidt 1994a). Die vroegste vermelding van *reg-reg* is van M.D. Teenstra, 'n Hollandse besoeker aan die Kaap, wat dit in sy publikasie van 1825 as illustrasie van Kaapse taal, juis 'n *slaaf* in die mond lê:

- (e) Ja sueur! die aap al te danig listig, *rech! rech!* hij niet spreek, om hij geen boodschap doen wil nie (Raidt 1991:154)

Rech! rech! kan hier 'n reduplikasie van N *recht* as modale partikel wees wat as tussenwerpsel nog nie sintakties geïntegreer is nie.

A *rêrig* is as *vorm* ongetwyfeld die produk van geredupliseerde *reg-reg* en tree dan ook later in die lig van die geskiedenis.⁵ Die oudste optekeninge van *rêrig*, gespel as *rerrig*, deur Raidt (1994b:301), is afkomstig van twee uitgawes van die tydskrif *The Friend* uit 1864 en 1865. In (f) tree *rerrig* ook as tussenwerpsel op:

- (f) Dat lijken voor mij maar te danig snaaks, maar *rerrig* hulle het hier soo banja krulle en dinge ...

G.S. Nienaber, 'n kenner van Khoi, betoog dat *reg-reg/rêrig* wat sy *funksie* betref, uit Khoi afkomstig is, as deel van 'n semanties/pragmatiese paar wat sekerheid van die spreker ten opsigte van sy mededeling, in teenstelling met hoor-sê, uitdruk. Hierdie teenstelling, wat in Khoi bestaan het, sou dan deur sprekers van dié taal op *reg-reg/rêrig* en *glo* (uit *gelove 'es mij*) oorgedra gewees het namate hulle sprekers van A begin word het. Reduplikasie kom ook in Khoi voor en Nienaber (1991:130) wys op 'n aantal gevalle vanaf 1830 waar *regreg* voorkom in fiktiewe Khoi-sprekers se A:

⁴ Die afwesigheid van N *rechtig* en selfs *recht* in verskillende funksies is waarskynlik toe te skryf aan die verbreiding van *echt*, vgl. vir (b) in tabel 1: *dat is nu echt iets voor hem*; vir (c): *echt van iemand houden*; vir (d): *was je teleurgesteld? niet echt* (GK).

⁵ Volgens Mansvelt (1884) is *rê-rég* of *rerrig* “eintlik” *recht-recht*, en dieselfde as *rechtig*, wat “zeker, gewis, werkelyk, in ernst” is (Van der Merwe 1971:196-7).

- (g) Nou, kyk, sjeur, ik zal voor sjeur nou *regreg* zegge hoe het toegegaan is ... (1830)
- (h) Ik word *regreg* kwaad as ik denk dat dat waar is ... (1830)
- (i) Hij maak geen spulletjes, maar hij sla *regreg*.⁶ (1844)

Of *reg-reg/rêrig* van die Khoi-Khoen of uit die Ooste afkomstig is, is nie verder ter sake nie. Dit is wel van belang om die vormlike verhouding tussen *reg-reg* en *rêrig* duideliker te stel. In die lig van die feit dat *reg-reg* vroeër opgeteken is as *rêrig* en *reg-reg* 'n duidelike reduplikasievorm is, kan die aanname gemaak word dat dit *rêrig* voorafgaan. Maar hoe kom ons klankmatig van [rɛxrɛx] tot [rɛrɛx]? Nienaber (1991:136-0) dink hier aan “jotasering” van die eerste velêre konsonant, wat byvoorbeeld 'n stemhebbende frikatief [ɣ] kon gewees het. 'n Ander oplossing is myns insiens te soek in die feit dat Kaapse sprekers vir 'n groot gedeelte bry. *Reg-reg* word dan so iets soos [RɛɣRɛx], met assimilasie tot [RɛRɛx], wat vir 'n spreker met tongpunt-[r] – wat tans die meeste sprekers van A verteenwoordig en die uitspraak met die meeste aansien is – dan weer [rɛrɛx] word. Ook die *rê-rê*-vorme,⁷ wat deur die WAT as omgangstaal en verouderd aangedui word, kan die gevolg van bry wees.

'n Verdere probleem is dié van die sjwa in die slotsillabe van *rêrig*, in die lig van die feit dat dit uit die vol vokaal van [rɛx] ontwikkel het. Hier dink Nienaber (1991:136) aan 'n heranalise uit die suffiks vokaal van *regtig* – in A gewoonlik sjwa. *Rêrig* en *regtig* bestaan al so lank saam dat dit goed moontlik is dat *regtig* *rêrig* kon beïnvloed het. Die sjwa van *rêrig* het dan volgens Nienaber (1991:136) onder die invloed van die sjwa van *regtig* ontstaan; ter wille van die statusverhoging van *rêrig* is “die tweede komponent onder swak betoning en deur affiniteit met die slotelement van *regtig* ... verander en heranaliseer”. Die verhouding tussen *rêrig* en *regtig* word vervolgens van naderby bekyk.

4. AFRIKAANS *RÊRIG* EN *REGTIG*

Die moontlike invloed van *regtig* op *rêrig* roep nou die probleem van die oorsprong van *regtig* en sy verhouding tot *rêrig* op. Nienaber (1991:136) wys daarop dat “(d)ie opvatting dat *rêrig* dieselfde is as *regtig* ... baie wyd verbreid (is)” en daar heers selfs 'n opvatting (ook onder kundiges) dat *rêrig* van *regtig* afgelei is.⁸ Die verskil tussen *rêrig* en *regtig* lê vir Nienaber (1991:137) in grade van subjektiwiteit. *Regtig* is naamlik volgens 'n vir A bekende model gevorm: produktiewe *-ig*-suffiks met *regt* as onderliggende stam, vgl. *regte* as attributiewe adjektief en as meervoud van die substantief.

Ons kan dus nóg aflei dat *regtig* uit *rêrig* afgelei is, nóg dat *rêrig* uit *regtig* afgelei is, ondanks die feit dat die laaste opvatting verklaar waarom *regtig* as meer formeel of minder subjektief as die gemoedelike *rêrig* ervaar word. Die herkoms van *regtig* bly steeds duister.

Gaan ons uit van *regte* as opgetekende *bywoord* (in die betekenis “werklik”) in A, soos in

- 19. A 'n **regte** mooi [musiek-]stuk⁹ (WAT, sitaat uit 1906)

⁶ A. Pannevis (ca. 1880) verklaar *reg reg* as “waarlyk” en gee as voorbeeld 'n ontkennende sin: *ik weet reg reg nie waar hy is nie*, ik weet waarlyk niet waar hy is (Van der Merwe 1971:109).

⁷ Volgens Von Wielligh (1925:190) word *rêrê* gebruik “vir *reg-reg*”.

⁸ Sien bv. Von Wielligh (1925:190): “*rêrig* ... vir *regtig*”..

⁹ Vgl. ook in die woordelys van H. Kern (1890): *regte*: zeer; *hij was regte skaam*, hij schaamde zich zeer, en dié van A. Pannevis (ca. 1880), wat *regte fraai* verklaar as “recht fraai” – albei in Van der Merwe (1971:47).

dan word spontane afleiding waarskynliker: *regtig* staan morfologies taamlik na aan *regte*. Die vraag is dan waarom dit nie ook in Nederlands gebeur het nie, waar *rechte* ook as bywoord opgeteken is:

12. Mnl. het was **rechte** sijn geval: “het was bepaald een buitenkansje voor hem” (Verdam 1964)

Dit is ook moontlik dat die verouderde *regte* as Afrikaanse bywoord/partikel ’n “verduisterende” spelling van *regtig* was, dus óf *regte* word *regtig* (voller afleiding), óf *regtig* word gespel as *regte*.

Om terug te keer tot die verhouding *regtig* - *rêrig*. HAT beskryf *regtig* as “werklik waar, inderdaad, *rêrig*”, en *rêrig* (as geselstaal gemarkeer) as “waarlik, werklik, inderdaad, *regtig*; baie uitstekend, erg”. Vir *regtige* verwys WAT na *reg* (II5b) in die betekenis “tipiese, ware of werklike”, en voeg by dat dit normaalweg attributief gebruik word. As bywoord kan dit “inderdaad, ongetwyfeld of in ’n hoë mate” beteken, of “in werklikheid of soos dit feitelik juis is” of “hoegenaamd, heeltemal of totaal” – waar dus “werklik, waar” as modale waarde, en ’n graadaanduiding herken kan word. Dit is ten slotte ook ’n tussenwerpsel of uitroep met meerdere betekenisnuanses. Die gebruike van *rêrig* (ook as geselstaal aangedui) soos in WAT beskryf, loop parallel aan dié van *regtig*.

A *regtig(e)/rêrig(e)* het dus feitlik ’n komplementêre verspreiding met N *recht(e)*/A *reg(te)*¹⁰ en kom slegs in attributiewe konteks naas A *regte* voor, vgl.

3. A ’n **regte** dokter (WAT) (evaluerend); ’n **regte** geitjie (WAT) (emotiewe oordeel); Sy is nou voorwaar vir my ’n **regte** Sarie van die Sewentigs (HK)

naas

4. A ’n **regtige** kunstenaar, **regtige** berou, ’n **regtige** spook, ens. (WAT); ’n **regtige** huisie vir poppe (HAT)
5. A ’n **rêrige** dominee (WAT); dis tyd dat ek die **rêrige** storie begin skryf (Kombuis 2009:29); Die afgelope naweek se koue front het egter die eerste **rêrige** sneeu gebring (*Beeld*, 22/4/2008); Ek glo nie aan kamstige mense nie – ek glo aan **rêrige** mense (IS, Jans Rautenbach); Dit was treffend om ná die film voor die **rêrige** skildery te staan (IS, Litnet)

Dat *regtige* as “werklike” of “egte” begryp kan word, blyk uit voorbeelde soos

A om ingesluit te wees by Sy werklike **regtige** menswees (IS); As dit jou **regtige**, **egtige**¹¹ eie gesig is (IS); Iewers in my lewe wil ek nog **regtige** sneeu sien en ... ’n **regtige** White Christmas beleef (IS)

Daarbenewens kom A *regtig/rêrig* voor:

(i) as predikatiewe adjektief:

8. A “Is jy **regtig**?” (- “Regtig wat?” – “Só groot.”) (Haasbroek 2009:12); Die Holocaust ... was dit **regtig**? (IS)
9. A ... maar so weet ons ook nie of Superman **rêrig** was nie (sitaat WAT, “ook soms predikatief”)

¹⁰ Die verwisselbaarheid van hierdie vorme blyk daaruit dat onder die opskrif “*regtige* mans” in ’n internetsoektog na *regte* (31/3/2011) hulle soos volg omskryf word: “Daar is tans heelwat advertensies in die omtrek oor wat presies ’n *regte* [my kurs.] man moet wees.”

¹¹ Die geleentheidsvorm *egtige* kom meermale in die kollokasie *regtige-egtige* voor.

(ii) as modale bywoord:

14. A Nee dit is **regtig** baie mooi. (SK); Sy was in alle opsigte verbode. **Régtig** verbode. (Coetzer 2009:320); Klara staan onseker buite; sy weet nie of sy **regtig** wil ingaan nie (Joubert 2009:64); Hy was **regtig** ernstig siek (HAT)
15. A “Is daar **rêrig** water in daai kraan?” (Coetzer 2009:141); ek weet hy’s nie **rêrig-rêrig**¹² aggressief nie (Greeff 2006:168); Glo jy **rêrig** alles? (HAT)

(iii) versterkend:

20. A “Molly”, sê hy, **régtig** bly om haar stem te hoor (Karsten 2009:168); sy het dit **regtig** nie goed gesny nie (SK); Hettie Smit het **regtig** baie moeite gedoen (SAUK); Dit is nou die een ding in my lewe waaroor ek **regtig** jammer is (SAUK); woorde wat **regtig** gewild raak, verarm die taal (IS)
21. A as jy voel jy’s nou **rêrig** bang (Haasbroek 2009:46); die tekens lyk **rêrig** goed! (Haasbroek 2009:101); Dis **rêrig** lekker gewees (HK); Wanneer ’n mens **rêrig, rêrig, rêrig** graag iets wil hê (IS)

(iv) as bepaling van die ontkenning:

23. A dit was **nie regtig** so vreeslik warm nie (SK); dan is ek **nie regtig** beskikbaar nie (SAUK); My geliefdes hou **nie regtig** van my boeke nie (IS)
24. A maak **nie rêrig** saak nie (IS)

(v) en as tussenwerpsel:

26. A Hy’s mooi, **regtig**(,) hy’s mooi (SK); **Regtig** dit is baie nuttig! (IS)
27. A **Rêrig**, dis mooi daar (HK).

Uit die aangehaalde voorbeelde blyk dit dat *regtig* en *rêrig* as modale partikel en versterkend optree, asook as negatiefversagter (*nie regtig/rêrig*) en tussenwerpsel. In referensiële sin kom hierdie vorme nóg in adjektiewiese, nóg in adverbiale funksie voor; dit is die terrein van *A reg(te)*. Die modale gebruik en adjektiewiese funksie vorm hier ’n grensgebied. Predikatief tref ons slegs *regtig/rêrig* aan; *reg* is uitgesluit. Attributief ding *regtige/rêrige* as enigsins minder formele/meer emotiewe variant met *regte* mee. Samevattend kan ons konstateer dat *regtig/rêrig* (i) tipies modaal van oorsprong is en (ii) uit die bywoordelike konteks afkomstig is, vanwaar dit na die adjektiewiese konteks versprei het en attributief met *regte* in kompetisie getree het, maar steeds met ’n modale waarde.

5. INWERKING VAN DUI TS *RICHTIG*?

Soos vroeër vermeld, kon *A regtig* onder invloed van *D richtig*¹³ ontstaan het.¹⁴ A. Pannevis (ca. 1880) het selfs *rigtig*, met *i* in die eerste sillabe; hy gee “waarlyk” as betekenis aan (Van der

¹² Vir geredupliseerde *rêrig*, sien ook WAT (R, p.224.2); voorbeelde van geredupliseerde *regtig* is nie gevind nie.

¹³ Wahrig (2000) beskryf *richtig* in adverbiale gebruik as “tatsächlich” en “sehr”. Sprach-Brockhaus (1986) gee ook albei hierdie betekenisse aan, maar het ook nog: “so, wie es sein soll, stimmend, genau, wahr”. Ek sou wou onderskei tussen “tatsächlich” [in feite] as modale waarde en “sehr” as versterkend of graad-aanduidend. Helbig (1988:197) onderskei tussen die gebruik as adjektiefbepaler (“Der Film war richtig aufregend”) en as versterker: “(v)erstärkt die im Bezugswort ausgedrückte Eigenschaft (= geradezu, wirklich, sehr, in hohem Maße)” – “Er war richtig erschrocken”.

¹⁴ Ofskoon onderstaande *D* voorbeelde oorwegend uit die moderne periode afkomstig is, is daar tog

Merwe 1971:109). D *richtig(e-)* kom in ongeveer alle funksies en kontekste van sowel N *recht(e)/A reg(te)* as A *regtig(e)/rêrig(e)* voor, met name in die betekenis “reg, nie verkeerd nie” in attributief adjektiwiese konteks (1), in predikatief adjektiwiese konteks (7) en as bywoord (11):

1. D Dafür war er genau der **richtige** Mann. (DWDS, 1999)
(Daarvoor was hy presies die regte man.)
7. D Ist es **richtig**, dass die heutige Jugend von Mozart ... (DWDS, 1932)
(Is dit reg dat vandag se jeug van Mozart ...)
11. D gar nicht so schwer, seine Mitmenschen **richtig** zu behandeln (DWDS, 1932) (glad nie so moeilik om sy medemensse reg te behandel nie)

Met die modale waarde “waar/ware, eg(te), werklik(e)” tree *richtig(e-)* in dieselfde kontekste op, soos onderskeidelik uit (6), (10) en (16) blyk:

6. D Wie ein **richtiger** Vogel Strauß hatte ich eben die Augen zugemacht (DWDS, 1902)
(Soos ’n regte volstruis het ek net my oë toegemaak)
Mein **richtiger** Vater war Möbelhersteller (DWDS, 1999) (My regte pa was ’n meubelmaker)
Sie war eine **richtige** Mutter. (DWDS, 1999) (Sy was ’n ware moeder)
10. D So **richtig** diese Erkenntnis ist, so bedenklich ist der Plan ... (DWDS, 1932) (So opreg soos hierdie bekentenis is, net so bedenklik is die plan ...)
es ist **richtig** daß die Kriminalität zugenommen hat (DGD) (dit is waar dat die kriminaliteit toegeneem het)
16. D doch keine Sünde, wenn man einander **richtig** lieb hat (LP, HC Andersen) (tog geen sonde as mense mekaar regtig liefhet nie)
“Wann wird’s mal wieder **richtig** Sommer?” (IS, naam van lied, vertaal as “When will there be a proper summer again?”) (Wanneer word dit ’n keer weer regtig somer?)
Nach dem Reden wird der Durst erst **richtig** schön, der Durst auf Bier ... (DWDS, 1974)
(Na die gepraat word die dors eers regtig behoorlik, die dors na bier)
Um den Unterschied von brutto und netto auch **richtig** sichtbar zu machen, ... (DWDS, 1978) (Om die verskil tussen bruto en netto ook werklik sigbaar te maak ...)
warum geht es dann erst jetzt **richtig** los in Deutschland? (DWDS, 1999)
(waarom begin dinge dan nou eers regtig gebeur in Duitsland?)

Richtig tree versterkend op in

22. D Da wollen wir mitsammen auf den Berg gehen und uns einmal **richtig** satt essen (uit “Das Lumpengesindel”, Grimm 1812-15)¹⁵
(Toe wil ons saam die berg uitklim en ons ’n keer regtig dik eet)
mir ist **richtig** behaglich zumute (LP, HC Andersen) (ek voel regtig behaaglik)
Da wurde er **richtig** wild und schrie und tobte (DWDS, 1999)
(toe het hy regtig wild geword en gegil en gebrul)
Ihr wart ein **richtig** heißes Team! (DWDS, 1999) (Julle was ’n regte kookwaterspan!)

voldoende gevalle uit vroeër tye om dit waarskynlik te maak dat D *richtig* reeds in byvoorbeeld die 18de eeu oor die betrokke modale funksies beskik het. ’n Vasstelling van wanneer die modale funksies in die geskiedenis van D ontwikkel het, kan egter nie hier onderneem word nie.

¹⁵ Latere weergawes het hier *recht* in plaas van *richtig*, vgl. Rölleke (1980:43) en Ernst (1970:53).

Daher war heute endlich mal wieder so **richtig** viel Platz im Zug (IS)
(Daarom was daar vandag eendelik weer 'n keer regtig baie plek in die trein)

as ontkeningsbepaler in

25. D ich habe jahrelang **nicht richtig** niesen können (LP, K Tucholsky 1929)
(ek kon jare lank nie regtig nies nie)
was viele Franzosen noch **nicht richtig** realisiert haben (DWDS, 1986)
(wat baie Franse nog nie regtig kon waarmaak nie)
Die gehören wohl einfach **nicht richtig** zum “Volk” (DWDS, 1999)
(Hulle behoort eenvoudig nie regtig tot die “volk” nie)

en as tussenwerpsel in

28. D Er war in grünem Wams, **richtig!** (LP, A Willibald, 1798-1871)
(Hy het 'n groen baadjie aangehad, regtig!)
als Ausruf: **richtig!** (Grimm & Grimm 1893) (as uitroep: regtig!)

Met 'n modale *rêrig* uit *reg-reg*, leksikaal verwant aan N *recht*/ A *reg*, in komplementêre verspreiding met hoofsaaklik nie-modale N *recht(e)*/ A *reg(te)*, waar *regtig* 'n reëlmatige afleiding van A *reg* sou wees en daar tewens 'n byna gelykluidende, modale *rêrig* aanwesig is, kan D *richtig* – vormverwant aan *regtig* en funksioneel verwant aan *rêrig* – aanleiding gegee het tot die vormkonvergensie van A *rêrig* met 'n meer formeel klinkende *regtig*. Enersyds het N *recht(e)*/ A *reg(te)* vanuit 'n referensiële betekenis 'n modale waarde (“egte”, ens.) wat in attributief adjektiwiese konteks optree, ontwikkel; andersyds het die A modale bywoord *regtig/rêrig* tot dieselfde attributief adjektiwiese konteks uitgebrei, met as resultaat 'n *funksionele* konvergensie, soos blyk uit die reeds aangehaalde voorbeelde (4) en (5), wat hier ten dele herhaal word:

4. A 'n **regtige** huisie vir poppe (HAT)
5. A Die afgelope naweek se koue front het egter die eerste **rêrige** sneeu gebring (*Beeld*, 22/4/2008)

Regtige/rêrige is hier 'n wisselvorm van *regte*, maar met modale ondertone. Die modale waarde van albei wisselvorme kan teruggevind word in soortgelyke kontekste waarin D *richtig* as “ware, egte” optree, byvoorbeeld:

6. D Sie war eine **richtige** Mutter. (DWDS, 1999) (Sy was 'n ware moeder)

In die kognitiewe of semantiese funksie (a), kortweg aangedui as “reg, nie verkeerd nie”, is N *recht(e)*/ A *reg(te)* in komplementêre verspreiding met D *richtig(e)*. Dit is ook verreweg die mees frekwente gebruik van die woord in Duits en het kennelik geen invloed op Afrikaans gehad nie. Origens het D *richtig(e-)* en A *regtig(e)/rêrig(e)* 'n feitlik identieke verspreiding van modale en ander funksies in die verskillende sintaktiese kontekste, byvoorbeeld:

as modale partikel:

16. D “Wann wird's mal wieder **richtig** Sommer?” (IS) (Wanneer word dit 'n keer weer regtig somer?)
14. A Sy was in alle opsigte verbode. **Régtig** verbode. (Coetzer 2009:320)

versterkend/graadaanduidend:

22. D Da wurde er **richtig** wild und schrie und tobte (DWDS, 1999)
(toe het hy regtig wild geword en gegil en gebrul)

20. A Dit is nou die een ding in my lewe waaroor ek **regtig** jammer is (SAUK)

as ontkenningversagter:

25. D Die gehören wohl einfach **nicht richtig** zum “Volk”. (DWDS,1999)

(Hulle behoort eenvoudig nie regtig tot die “volk” nie)

23. A dit was **nie regtig** so vreeslik warm nie (SK)

as tussenwerpsel:

28. D Er war in grünem Wams, **richtig!** (LP, A Willibald, 1798-1871)

(Hy het 'n groen baadjie aangehad, regtig!)

26. A Hy's mooi, **regtig**(,) hy's mooi (SK)

In predikatief adjektiewiese gebruik kom A *regtig* byna nie voor nie en *reg* glad nie; attributief is *regtige* wel moontlik:

6. D Sie war eine **richtige** Mutter. (DWDS,1999) (Sy was 'n ware moeder)


4. A 'n **regtige** kunstenaar, **regtige** berou, 'n **regtige** spook, ens. (WAT)

Alternatiewe sou wees: 'n *regte/ware kunstenaar*, *ware berou*, 'n *regte spook*. Attributief is *regtige* die “nuweling” – die afgeleide van die bywoord en in mededinging met *regte*.

6. GEVOLGTREKKING

Die paradigma van hierdie leksikale item blyk die resultaat te wees van 'n konvergensie vanuit verskeie rigtings, soos in Tabel 2 skematies aangedui word.

TABEL 2: Konvergensie



Anders gestel: Geërfde *reg(te)* neem die terrein vanuit die *adjektiwies-kognitiewe* hoek in, en die ontleende en omvormde *rêrig/regtig* neem die terrein vanuit die *adverbiaal-modale* hoek in; hulle ontmoet mekaar op *adjektiwies-modale* gebied, met *regte* as die meer *formele* – en waarskynlik meer gebruiklike – en *regtige/rêrige* as die meer *emotiewe* variant, soos blyk uit die teenstelling tussen 'n *regte* (dit wil sê gekwalifiseerde) *dokter* en 'n *rêrige dokter* (nie 'n speel-speel-dokter nie).

BIBLIOGRAFIE

Afkortings

DGD: *Datenbank Gesprochenes Deutsch*

DWDS: *Digitales Wörterbuch der deutschen Sprache*

GK: Koenen & Drews (1986)

HAT: Odendal & Gouws (2005)

HK: "Hoofkorpus" in Kroes (1982)

IS: Internet-woordsoektog (Google) op *richtig*, 31/3/2011

Mnl.: Middel Nederlands

LP: Literatuur Pinselpark

SAUK: "SAUK-korpus" in Kroes (1982)

SK: "Spontane korpus" in Kroes (1982)

VAW: Labuschagne & Eksteen (2010)

VD'50: Kruyskamp & De Tollenaere (1950)

VD'84: Geerts & Heestermans (1984)

VD'02: Van Sterkenburg et al. (2002)

WAT: Botha et al. (2009)

WNT: Heeroma (1947)

Botha, W.F. et al., reds. 2009. *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, deel 13 (R). Stellenbosch: Buro van die WAT.

Coetzer, W. 2009. *Skerpioen*. Pretoria: Lapa.

De Kadt, E. 2002. German speakers in South Africa. In Mesthrie, R. (ed.) *Language in South Africa*. Cambridge: CUP, pp. 148-60.

Datenbank Gesprochenes Deutsch, <http://dsav-wiss.ids-mannheim.de/DSAv/SUCHE/ANTWORT.HTM> [6 Oktober 2010].

Digitales Wörterbuch der deutschen Sprache des 20. Jh., Das. Berlin-Brandenburgische Akademie der Wissenschaften, <http://www.dwds.de> [14 Julie 2010].

Ernst, P., red. 1970. *Kinder- und Hausmärchen, Band 1, gesammelt durch die Brüder Grimm*. München & Leipzig: G. Müller.

Fouché, J. 2009. *Ed van inligtingstelsels*. Pretoria: Lapa.

Geerts, G. & Heestermans, H., met medewerking van C. Kruyskamp. 1984. *Van Dale Groot woordenboek van de Nederlandse taal*. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

Greeff, R. 2006. *Palazzo van die laaste dans*. Kaapstad: Kwela.

Grimm, J. & W. 1812-15. *Kinder- und Hausmärchen*. (internetteks)

Grimm, J. & Grimm, W. 1893. *Deutsches Wörterbuch* 8. Leipzig: S. Hirzel.

Haasbroek, P.J. 2009. *Die ander vennoot*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Heeroma, K. 1947. *Woordenboek der Nederlandsche taal*, deel 12. 's-Gravenhage/Leiden: M. Nijhoff/A.W. Sijthoff.

Helbig, G. 1988. *Lexicon deutscher Partikeln*. Leipzig: Verlag Enzyklopädie.

Joubert, I. 2009. *Anderkant Pontenilo*. Kaapstad: Tafelberg.

Karsten, C. 2009. *Seisoen van sonde*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Koenen, M.J. & Drews, J.B. 1986. *Wolters' woordenboek eigentijds Nederlands*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Kombuis, K. 2009. *Die tyd van die kombi's*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kroes, H. 1982. *Die frekwensiebepaling van die kernwoordeskat en sekere strukture van die Afrikaanse spreektaal*. Ongepubliseerde navorsingsverslag, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

- Kruyskamp, C. & De Tollenaere, F. 1950. *Van Dale's Nieuw groot woordenboek der Nederlandse taal*, 7e druk. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2010. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Kaapstad: Pharos Woordboeke.
- Literatur Pinselpark, <http://www.pinselpark.de/linkphp/sonst/suche.php?dt=back&q=richtig> 7 April 2011].
- Mansvelt, N. 1884. *Proeve van een Kaapsch-Hollands idioticon*. Kaapstad.
- Nienaber, G.S. 1991. Is die modale bywoord *rêrig* *rêrig* Afrikaans? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 31(2):128-40.
- Odendal, F.F. et al. 1994³. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.
- Odendal, F.F. & R.H. Gouws (reds.) 2005. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Raidt, E.H. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E.H. 1994a. Oor die herkoms van die Afrikaanse reduplikasie. In Raidt, E.H. (red.) *Historiese taalkunde*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Raidt, E.H. 1994b. Taalvariasie in negentiende-eeuse Afrikaans. In Raidt, E.H. (red.) *Historiese taalkunde*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Rölleke, H., red. 1980. *Ausgewählte Kinder- und Hausmärchen*. Stuttgart: Reclam.
- Sprach-Brockhaus, Der.* 1968. *Deutsches Bildwörterbuch für jedermann*, 7. Auflage. Wiesbaden: F.A. Brockhaus.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (red.) 1971. *Vroeë Afrikaanse woordelyste* (heruitgawe). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Sterkenburg, P. et al. (reds.) 2002. *Van Dale Groot woordenboek hedendaags Nederlands*. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Venter, E. 2009. *Santa Gamka*. Kaapstad: Tafelberg.
- Verdam, J. 1964. *Middelnederlandsch handwoordenboek*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Verwijs, E. & Verdam, J. 1907. *Middelnederlandsch woordenboek*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Von Wielligh, G.R. 1925. *Ons geselstaal*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Wahrig, G. 2000. *Deutsches Wörterbuch*. Gütersloh/München: Bertelsman Lexikon Institut.